


BIOGRAFIESE SKETS. CORNELIS JANSE UYS („CHARLES“)

Toe prof. dr. C. J. Uys aan die end van 1963 die hoogleraarsamp in Geskiedenis aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat neergelê het, het hy kon terugblik op byna 'n kwarteeu van diens en bou aan 'n gelukkige belangstelling wat van hom geen inspanning geverg het nie en aan hom louter genot verskaf het. Toe hy in 1941 in opvolging van prof. S. Barnard, hoof van die departement Geskiedenis aan die destydse Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat geword het, was hy die vierde hoof van dié departement en slegs die tweede persoon wat aan die hoofskap van die departement ook 'n professoraat kon verbind. Vandag klink dit byna onwerklik, maar tog is dit so dat prof. Uys in 1941 sonder hulp van enige aard, al die werk in die departement moes behartig. Sedertdien en danksy veral prof. Uys se lewendige belangstelling, het ontwikkeling ingetree. Met die groei van die Vrystaatse Universiteit, het die departement Geskiedenis meer as net tred gehou. Net soos die studentegetalle, het ook die personeel aangewas — eers tot twee, daarna tot drie en uiteindelik tot vyf. Waar prof. Uys aan die begin van sy loopbaan alleen gestaan het, kon hy aan die end van 1963 een van die sterkste bemande Geskiedenisdepartemente in die land aan sy opvolger, prof. J. J. Oberholster, nalaat.

Cornelis Janse Uys, in die wandel bekend as „Charles“, is 'n boerseun afkomstig uit die distrik Wakkerstroom waar hy die eerste lewenslig op 15 Januarie 1898 aanskou het. Sy vader en sy moeder — 'n nôi Rothmann — was gesiene inwoners van wyk Amersfoort wat altyd tyd kon vind om behalwe vir die opbou van 'n mooi en vooruitstrewende skaapboerdery, ook belang te stel in die alledaagse bedrywighede van 'n boeregemeenskap. Na die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog, het sy vader by die Boerekommando's aangesluit terwyl sy moeder so goed as kon met haar twee kindertjies op die plaas vir die Kakies geskuil het. Op die duur kon sy die grypende vyandshande egter nie ontduik nie en is die gesinnetjie na die konsentrasiekamp op Volksrust gestuur.

Die oorlogsontwrigting het meegebring dat die jong Uys wat op vroeë leeftyd blyke van leergierigheid openbaar het, eers op twaalfjarige ouderdom 'n „voor-begin“ op die Amersfoortse laerskool kon maak. Daarna moes dit egter fluks gegaan het want sewe jaar later, in 1917, het hy op die Ermelose Hoërskool gematrikuleer en met 'n beurs aangebied deur die destydse Transvaalse Universiteitskollege, agtereenvolgens die B.A.-graad met Geskiedenis en Afrikaans/Nederlands as hoofvakke onder proff. Leo Fouché en T. H. le Roux en die M.A.-graad met lof behaal. Met 'n Webb-stipendium vertrek hy na Engeland waar hy onder prof. Arthur Newton sy studie in Geskiedenis voortsit en tegelyk aan die *Public Record Office* in Londen en ander argiewe in Engeland en Europa materiaal insamel vir sy doktorale proefskrif waarmee hy, na die voltooiing daarvan, in 1932 die D.Litt.-graad met onderskeiding aan die Universiteit van Pretoria behaal.



Prof dr. C. J. Uys

Sy akademiese belangstelling het egter wyer uitgekring as net akademiese geskooltheid in sy liefingsvak, die Geskiedenis. Reeds voor sy vertrek na Europa het hy 'n onderwysersdiploma verwerf terwyl hy hom op 'n later stadium ook tot die studie in die Regte aangetrokke gevoel het en as een van drie kandidate in die Unie, die Staatsdiens-Wetseksamen in die eerste klas afgelê het.

Na die behaling van 'n onderwysersdiploma, was hy 'n tyd lank aan die Pretoriase Tegniese Kollege verbonde. In hierdie tyd was hy as deeltydse lektor in Zoeloe aan die ou T.U.K. behulpsaam met die vestiging van wat later sou uitgroeï tot 'n belangrike departement Bantoe-tale. In 1929 is hy tot eerste registrateur van die Naturelle-Appel en -Egskeidingshof met jurisdiksie oor die Kaap- en Oranje-Vrystaat-provinsies aangestel terwyl hy in 1934 bevorder is tot magistraat en naturellekommissaris in die Transkei, 'n posisie wat hy tot in 1941 beklee het toe hy die hoogleraarsamp in Geskiedenis in Bloemfontein aanvaar het.

Hoewel prof. Uys gedurende sy ampsloopbaan 'n veelsydige belangstelling openbaar het en op 'n verskeidenheid terreine werksaam was, sal hy in die eerste plek in die herinnering bly vir die werk wat hy as historikus — dosent sowel as skrywer — verrig het. Gedurende die 23 jaar wat hy die leerstoel in Geskiedenis aan die Vrystaatse Universiteit beklee het, het bykans 2,000 studente die eerstejaarskursus by hom gevolg van wie 558 tot die derdejaar daarmee deurgegaan het. Dit is veral van belang om te weet dat 137 studente hulle studie op nagraadse vlak onder sy leiding voortgesit het van wie 'n groot aantal die Magister- en Doktorsgraad behaal het.

Op sy studente het hy onmiskenbaar 'n stempel afgedruk en beter as baie, daarin geslaag om blywende belangstelling vir sy vak op te wek. Hiervan getuig die lewenskragtigheid van die Geskiedenis-Navorsingsvereniging wat prof. Uys pas na sy aanstelling op Bloemfontein gestig het. Anders as die meeste soortgelyke pogings, het hierdie vereniging die moeilike stigtingsjare met welslae oorleef en daarna gelydelik tot bestendige volwassenheid uitgedy. Vandag is die Geskiedenis-Navorsingskomitee sterk en invloedryk en beskik dit oor etlike honderde lede wat letterlik dwarsoor die Republiek aangetref word. Die vereniging wat nog tydens prof. Uys se ampstermyn sy mondigwording kon herdenk, het oor die jare heen nie net vir uiters prikkelende voorlesings deur voor-aanstaande historici gesorg nie, maar ook verskeie histories-opvoedkundige toere gereël. Ondanks die feit dat reeds aan verskillende instansies vir die behoud van historiese gedenkwaardighede toekennings gemaak is, beskik die vereniging oor aansienlike fondse en gaan dit rustig voort om kosbare historiese stukke op te spoor en vir die nageslag te bewaar.

Dit is kenmerkend van prof. Uys dat hy nie 'n blad voor sy mond neem nie, dat hy op sy eie wyse 'n saak stel soos dit in sy gedagte vorm aanneem en dat hy 'n saak, onverskillig wat die gevolge vir wie of wat ook al mag wees, so rapporteer soos die bronne dit aan hom

openbaar. Daarby voel hy hom sterk aangetrokke tot die skouspelagtige en opspraakwekkende. As 'n gevolg hiervan en van sy uitgesprokenheid, was hy meer as een keer die middelpunt van 'n heftige polemieks. Hoewel sy standpunt dikwels verset uitgelok het, moet selfs sy grootste teenstander toegee dat hy nie sonder rede 'n bepaalde standpunt inneem nie. En daarin lê 'n besliste verdienste opgesluit want hoewel prof. Uys as eerlike geskiedskrywer altyd self bereid sal wees om na die mate wat meer inligting oor 'n saak beskikbaar kom, van sy vroeëre standpunte oorboord te gooi, is sy uitgangspunt altyd prikkelend en stimulerend en het hy waarskynlik meer as iemand anders daarin geslaag om vrugbare wetenskaplike gesprekke aan die gang te sit. Prof. Uys se talle kleinere publikasies wat oor die loop van jare in wetenskaplike tydskrifte, dag- en weekblaaie verskyn het, het nie alleen ons historiese kennis aangevul nie, maar aan ons historiese literatuur ook 'n kleurvolheid verleen. Ook hier het Charles Uys 'n eie stempel afgedruk.

Naas sy groot aantal wetenskaplike artikels, het hy ons historiese literatuur ook met 'n aantal hoogstaande selfstandige publikasies verryk. Hiertoë moet gereken word sy *In the Era of Shepstone, Paul Kruger — Van die Wieg tot aan die Graf en Rouxville* (1863-1963) 'n eeufesgedenkboek van die Suidoostelike Vrystaat. Hoewel prof. Uys in die werke as het ware elke keer 'n ander „soort” tema aangedurf het, beweeg hy op elke terrein met ewe veel gemak. Kenmerkend van elkeen van die werke, is dat dit op omvattende en noukeurige navorsing berus en 'n helder, weldeurdagte siening openbaar. Sy interpretasie sal waarskynlik nie altyd by almal byval vind nie, maar dit dien eerder as 'n aanduiding van die hoë vlak waarop hy met sy geskiedskrywing beweeg. Prof. Uys gee nie bloot net 'n verslag van die feite wat onder sy aandag kom nie, maar plaas dit op so 'n wyse in sinvolle samehang dat die wisselwerking van oorsaak en gevolg, altyd duidelik bly. Daarom sal hierdie werke altyd deur almal gebruik moet word wat op dié bepaalde terreine wil beweeg.

Prof. A. N. Pelzer.